



TOULEIER



Kammanuus sal nou minder verskyn

Die feestyd is nou stewig agter die rug en al wat nog moet herstel, is die letsels op die lewer en die duike in die banksaldo's. So met die intrapslag, net eers gou die minder goeie nuus. Wel, dit hang af vanuit watter perspektief mens daarna kyk.

Ek en Kamermaatjie is nou permanent terug in Suid Afrika en amptelik deel van die aftreebrigade. Dis fantasties om weer op eie bodem te wees en tussen ou vriende te verkeer. Om weer elke dag die besonderse blou lug van ons land te kan aanskou en in jou eie tuin jou vingers deur die grond te trek.

Die kwessie is net dat ons dit nie juis kan bekostig om nou al hier te wees nie. Ons was ongelukkig onder die talle slagoffers van die lae olieprys. Die altyd gierige lapkoppe het ons nie juis 'n keuse gegee nie. 'Vat jou goed en trek Ferreira' was die boodskap vroeg een oggend in November laas jaar.

Stelselmatig is hulle nou al vir 'n hele rukkie daar in die Midde Ooste besig om van ons 'duur' Suid- Afrikaners en ook ander Westerlinge te vervang met goedkoper arbeid vanaf Indië en ander lande in die Ooste.

Binne 'n maand moes ons dus sewe jaar se wortels uitgrawe. Glo my vry, hulle was diep geanker en wydverspreid. Die woestyn is mos warm en droog en die water min.

Danksy die hulp en ondersteuning van die talle vriende en ekspats wat steeds daar werk, kon ons darem ontslae raak van meeste van ons opgegaarde goedere. Dis gelukkig nie die eerste keer, of van gister af, wat ons so skielik moes padgee nie.

Met die 20 jaar se werkery oorsee leer mens later presies wat jy moet aankoop, wat jy gaan verloor en wat jy weer kan verkwansel teen 'n redelike prys. Maar meeste mense bly maar eekhorinkies en wil altyd opgaan. Ons aanvanklike plan was om met niks behalwe 'n paar matte en kleinode terug te keer Suid-Afrika toe nie. Sewe jaar se opgaan klap toe daardie idee vir 'n ses.

Toe ons weer so deur als gaan besef ons daar is weer 'n hele trek wat moet oor die water agter ons aan. Nie dat ons juis plek het in ons aftreehuisie nie. Die gevolg was baie min slaap vir veral vir kamermaatjie soos ons vertrekdatum nader gesluit het en sy moes besluit wat moet bly en wat moet gaan.

Die naweek voor ons vertrek is ons hotel toe en het die gehuurde kar sommer op die lughawe teruggegee. Ons is darem in styl daar weg deur die laaste dag in die hotel binne die lughawe te bly en het vir oulaas uitspattig en dekadent geëet en gedrink aan wat die plek kon bied. Van kaviaar tot Franse sjampanje.

Nou is ons reeds amper drie maande terug en besef elke dag meer en meer hoe duur die lewe eintlik hier geword het. Die rieme gaan dun gesny moet word. Die voortbestaan van **Kammanuus** hang nou weer in die balans. Met die goeie inkomste oorsee was dit maklik om die koste te dra. Nou is dit egter 'n heel ander prentjie en sal ons baie mooi moet besin oor die paadjie vorentoe. Maar ons was mos al deur daardie drif en ek is seker daar sal weer 'n oplossing gevind word.

Kammanuus sal nie meer twee keer per maand kan uitkom nie. Vireers gaan dit net een keer elke maand wees. Ek vertrou julle sal verstaan. Wees dus maar asseblief geduldig en hou aan om artikels en grappies in te stuur wat ons met ons lesers kan deel.

Hennie Greeff
Onrusrivier
UITGEWER

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (6)



"Die geskiedenis sal toon dat X-strale net 'n kullery is."

- Lord Kelvin, president van die Royal Society in 1883.

Oor twee dae sal môre
gister wees.



Oom Jan Droëpan:
"Daar is 'n moontlikheid dat jy enigiets wat verlore gegaan het kan terugkry - behalwe tyd."

Limeriek

'n Sekere nooi uit Transvaal
sê die kêrels het almal een
kwaal:

Hul is nie ongeskik
en hul soen waar hul mik
maar hul hande bly aanhou
verdwaal!

- Philip de Vos

Die korrekte Afrikaans

Natuurlik kan jy praat soos jy wil – niemand kan jou keer nie. Maar daar is tog nog mense wat "reg" wil praat, en in hierdie geval is "reg" die algemene voorskrifte van die Taalkommissie, wat die hoogste taalgesag in die land is.

Baie mense weet nie dat **huidiglik** en **nogals** is nie erkende woorde is nie en dat **op pad** en **huis toe** as twee woorde geskryf word nie. Dan is daar ook die algemene fout met **op soek** en **opsoek**: Ek is **op soek** na familie. Ek gaan my familie in die vakansie **opsoek**.

Toets jouself gerus aan 'n paar voorbeelde van algemene taalgoggas:

1. braaf / dapper

Baie mense dink braaf beteken dieselfde as die Engelse "brave", maar dit is glad nie die geval nie. **Braaf** beteken deugszaam, fatsoenlik of goed. Wanneer jy baie moed het, is jy **dapper**, nie braaf nie.

2. van dit / vir dit / met dit / in dit

In die meeste gevalle is 'n voorsetsel voor die woord **dit** verkeerd. Gebruik eerder daarvan, daarvoor, daarmee, daarin, ensovoorts.

3. herinner / onthou

"Onthou my dat ek brood koop" is nie reg nie. Jy **herinner** iemand om iets te doen. En dis nie "herhinder" nie. Jy sal taalbulle baie hinder as jy dit so spel!

4. offer / aanbod

Ek het onlangs op 'n Facebook-groep afgekom met die naam, "Maak my 'n offer!" In Afrikaans is 'n **offer** egter iets wat as huldebetoon aan 'n god gemaak word, 'n offerande, soos 'n mens vind in die Bybel. Wanneer jy iets wil koop, maak jy 'n **aanbod**.

5. wen / klop

Jy kan nie 'n ander span of mededinger wen nie, jy **klop** hulle. Jy kan wel die wedstryd of kompetisie **wen**.

♦Riaan Grobler op Netwerk24.

"Mag die Jirre jouse binneste roer en mag suffel goedgeit
jou slat lat jy eintlik loop en skaam kry oor allie
genade." – Griekwa psalm

Duskantlander in Anderkantland

R30 se verskil

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië wat uit Ghana skryf, besoek weer 'n slag haar tuisland.

Op die langpad moet mens aftrek en op die bossies piepie. Woestynlangs is nie veel koelte nie. Ek skrik sommer my piepie droog want langs die draad is 'n roering. Daar waar ons afgetrek het, sit reeds 'n ouman onder die koelte. In die gruis klip tussen sy flenterskoene lê 'n blikbord met 'n paar klipkristalle.

Mense uit 'n dor Namibiese woestynveld het nie blink aan hulle nie. Niks blink onder 'n permanente stoflaag nie. Nam se mense is sonder grênd goudstrepe in hulle tanne.

Skiewie tandartse is volop. Tannemekênieks by die kliniek is bekend vir tanne trek. Dit kos dertig rand vir 'n tandtrek by die kliniek. Jy arriveer in die wêreld sonder tanne, en groet ook uit; tanneloos.

Heeldag loer mense vir vrinne, kliënte of vreemdes onder plooihand met skrefiesoë. Hulle kyk uit vir mouterstofstrepe oor rooi sandduine.

"Is Krismis, Juffrou, koop my kristalle. Allemaal is *genie-oun*, 'k het self uitgehaal," rasper sy stem onder 'n laphoed. Ek staar na die ou blikbord. Tyd staan stil; ek kyk sy ou veldskoene.

Skeef uitgetrap en 'n geel verdikte toonnael loer vir my. Dis sy werk-, kerk-, stap-, dans- en enigste skoene; reeds vir etlike jare. My voetsole brand deur my plakkies. Tussen ou plooi loer sy blousel oë vir my plakkies. Wat weet ek tog van kristalle?

Dor mense het 'n tydsame kalmté in hulle. Die plooi-man bly net so gekreukel sit. Om my is hitespieëlings wat dans.

Terug in die skadu van die mouterkar sit ek met 'n skurwe, gelerige kristal in die hand, en die dertig rand lê nog net so in die blikbord. Daai dor man loer lank in ons rigting, met skrefiesoë kyk ek vir hom toe ons daar wegtrek.

Watse verskil kan dertig rand nou aan hom maak? wonder ek. Wat sal ek nou maak met 'n woestynklip?

**As jy vir 'n hoender
uitswaai,
ry jy die hele
dorpie mis.**

Krismistyd het woestynkinnere nie blink liggies en Chinese geeltintsel vir plêstiek winkelbome nie. Onse groen kameeldorings is vanselwe getooi met goudgeel mossieneste.

Sandkinders belê in tyd. Tyd deel hulle met mekaar. Ons deel tyd annerkant Goghas, ver annerkant Mariental, in 'n koel plaashuis wat ruik na parafien.

Lekkerste kuier is onder die sterre in die rooisand buite die agterdeur. Die stroois is 'n klipgooi van ons af. Sit-sit onder die geel maan met hoë vlamme in 'n konka hoor jy rustige stemme tot laatnag. Hulle tandelose lag klink soos 'n geroeste blik wat die wind rondstoot.

'n Paar dae na Krismis koop ons vars proviant op Goghas. Dis 'n vaal plekkie, net 'n hotel, drankwinkel, Kerk, poskantoor, kliniek. Klein. As jy vir 'n hoender uitswaai, ry jy die dorpie mis.

Almal groet en knik. Daar is mense met Job se geduld wat net rondstaan en dié wat beweeg, bekyk. Voor die kliniek hang 'n paar tydsame siele rond. Ek kyk 'n paar ou veldskoene raak, daars 'n toon met 'n dikgeel toonnael wat vir my loer.

"Koop 'n kristal vir Nuwe'djaar!" se die ouman met rasperstem onder sy laphoed. Ek sien nie sy oë nie, net sy glimlag met 'n nuwe "*passion gap*".

Terug op die stofpad kyk ek weer die woestynkristal.

Iewers bank 'n skelm tannemekêniek sy nuwe dertig rand.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



SEBRA-OORGANG

NET LEUENS

'n Bus vol regerings-amptenare rol naby oom Boet se plaas. Toe die noddienste opdaag, het oom Boet almal klaar begrawe. Een ou skud sy kop en vra:

"Maar Oom, was hulle dan almal dood?"

Oom: "Nee daar was 'n paar wat gestry het dat hulle nie dood is nie, maar jy weet mos maar hoe lieg die regering!"

WATSE BELEG?

Dis warm, die kinders is traag en hul onderwyser raak ongeduldig. Hy wys na een van die figure wat agter in die klaskamer woel en sê: "Jy daar, wanneer het die beleg van Mafikeng begin?"

'n Onseker stem antwoord terug: "Die beleg van wat?"

Dit maak die onderwyser goed kwaad. "En wat het jy nou eintlik gister gedoen?"

Die stem antwoord weer: "Televisie gekyk."

Dis die finale strooi vir die onderwyser. "En wat maak jy dan nou in my klaskamer?"

Na 'n lang stilte antwoord die stem weer, skrikkerig: "Ek gaan die bedrading na, ek werk vir Eskom."

BAKLEIERS

Klein Sannie kom vir die eerste keer van die Sondag-skool af en haar ma wil weet wat het sy geleer.

"Ons het 'n liedjie geleer van die omie en tannie wat hier langsaan bly as hulle baklei en die tannie die oom so slaan."

"Nou hoe so?" vra haar ma.

"Ons het gesing 'Looi hom met die trommel, looi hom met die hark, looi hom met die stinkende sandale.'"

VROUE EN KATTE

Een van die raaisels van die lewe is hoekom veral vroue van katte hou.

Dit maak nie sin nie, want:

- ◆ Katte is onafhanklik
- ◆ Hulle kom nie wanneer jy hulle roep nie
- ◆ Hulle bly soms heelnag uit en as hulle tuis kom wil hulle alleen gelaat word en slaap.

Om die waarheid te sê, katte het al die eienskappe wat 'n vrou in 'n man haat.

UITGEVANG!

Die mooi meisie het na die materiaal-winkel se toonbank gestap.

"Ek wil hierdie materiaal vir 'n nuwe rok koop. Hoeveel kos dit?"

"Een soen per meter," het die klerk met 'n groot glimlag geantwoord.

"Goed so, ek sal tien meter neem."

Die klerk was vol afwagting terwyl hy die materiaal afmeet, opvou en toedraai en tergende na haar toe uithou.

Sy het die pakkie gevat en na die bejaarde man langs haar gewys en geglimlag:

"Oupa sal die rekening betaal."

BC deur Johnny Hart



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Kortpiet se baken staan nie stil nie

Ek was 'n kannetjie van so tien jaar oud toe my pa sy eerste trekker gekoop het - 'n Fordson met ysterwiele.

Daar het 'n ou Basoeto met die naam Kortpiet as plaas-hulp op die plaas gebly. Toe wil hy ook leer trekker bestuur. Pa het hom mooi touwys gemaak en hy kon al die trekker mooi in die pad hou.

Toe word dit ploegtyd en Pa haak die tweeskaar osploeg agter die trekker. Hy ry land toe, so 200 meter van die huis af, en ek en Kort Piet stap saam agter die trekker.

Pa is voor aan en die ploeg-voor lê so reguit soos 'n snaar na die ander punt van die land toe.

Hy het 'n uur of so geploeg en nog 'n akker aangevoor, toe vra Kortpiet of hy kan aangaan. Pa klim af en na so 'n halfuur is dit weer tyd om aan te voor.

Pa beduie toe mooi hoe hy moet maak: "Jy moet nou vir jou 'n baken daar anderkant soek en net reguit op hom korrel. Dan is jou voor mooi reguit."

Ou Kortpiet steek die ploeg in en hy gaan. Ek en Pa sit onder 'n doringboompie en gesels. Pa ky na 'n rukkies op en hy vlieg op met: "Wat de ongeluk!" Ek kyk en sien die voor loop hot en haar met draaie en met swaaie tot anderkant. Kortpiet is alweer halfpad op pad terug met die reguit voor wat Pa geploeg het. Toe hy stop is Pa by:

"Wat máák jy Piet?! Het jy nie vir jou 'n baken gekry soos ek gesê het nie? Maaifoedie!"

Ou Kortpiet vou sy hande saam en sê: "Askies Oubaas, groot askies. Ek het die baken gevat - maar darie bees hy staan nie stil nie!"

Gebedjie van 'n 'heldersiene' dogtertjie



Die pa het sy driejarige dogtertjie in die bed gesit, vir haar 'n storie gelees en na haar gebedjie geluister. Dit het so geïndig:

"Liewe Jesus seën Mamma, seën Pappa, seën Ouma en sê totsiens vir Oupa."

Die pa vra toe hoekom sy vir Oupa totsiens sê.

"Ek weet nie, Pappa. Dit voel net na die regte ding om te sê."

Die volgende dag is Oupa oorlede en die pa het gedink dis 'n vreemde toeval.

'n Paar weke later sit die pa sy dogtertjie weer in haar bed en haar gebedjie eindig:

"Liewe Jesus, seën Mamma en seën Pappa en sê totsiens vir Ouma."

Die volgende dag het haar ouma gesterf.

"Goeie genade," het die pa gedink, "hierdie kind is heldersiene!"

'n Maand later eindig die gebedjie met "en sê totsiens vir Pappa."

Die pa was in skok. Hy kon heelnag nie 'n oog toemaak nie en is vroeg werk toe. Hy was heeldag uiters gespanne en het die horlosie dopgehou.

Hy het uitgewerk as hy tot middernag kan oorleef, sal hy dit maak.

Hy het veilig gevoel in sy kantoor en pleks van die middag huis toe te gaan het hy gebly, koffie gedrink, sy horlosie dopgehou en met elke klank gewip van die skrik.

Uiteindelik het middernag aangebreek en hy het gevoel dis veilig om huis toe te gaan.

By die huis wou sy vrou weet hoekom hy so laat is - hy het nog nooit so laat gewerk nie.

Hy het gesê hy wil nie daarvoor praat nie, maar dit was die ergste dag van sy lewe.

"As jy dink jou dag was erg, moet jy hoor wat met myne gebeur het," sê sy vrou.

"Vanoggend het my gholfinstrukteur in die middel van die les dood neergeslaan - net so!"

Om jonk te wees is mooi.
Om oud te wees is net
baie meer gerieflik.



HULPLYN

VIR

MOEDELLOSE MANS

"Hallo, jy is by die hulplyn vir mans. My naam is Jan, hoe kan ek help?"

"Hallo Jan. Ek het jou advies nodig vir 'n groot probleem. Ek vermoed al geruime tyd dat my vrou my verneuk. Die gewone tekens: Die foon lui, ek antwoord en dan gaan die lyn dood. Sy gaan ook dikwels saam met 'die meisies' uit.

"Ek probeer wakker bly totdat sy huis toe kom, maar ek raak altyd aan die slaap. Elk geval, ek het gisteraand omstreeks middernag wakker geword en sy was nie tuis nie. Toe gaan kruip ek in die garage agter my boot weg.

"Sy het in iemand se kar daar aangekom en was besig om haar bloes toe te knoop. Toe haal sy haar panties uit haar handsak en trek hulle aan! Dit was toe ek 'n haarlyn kraak in die buiteboordmotor se klamp sien. Dink jy ek kan dit soldeer, of moet ek die hele klamp vervang?"



'n Kameel
kan 'n week
lank werk
sonder om
te drink

'n Man kan 'n
week lank
drink sonder
om te werk

SOMS . . .

Soms wanneer jy treurig is en huil, sien niemand jou tranes nie.

Jy is soms in pyn sonder dat enigeen dit oplet.

Jy is soms bekommerd, maar niemand weet van jou stres nie.

Jy is soms gelukkig, maar niemand sien jou glimlag nie.

MAAR los nou net 'n wind, en almal let dit op.

Uitgevang, nè. Julle het natuurlik gedink dis weer een van daai soetsappige boodskappies wat jy op Facebook sien!



EK IS 'N

ROKER

Maar hoekom verskyn daar nie foto's van vreeslike oorgewig kinders op McDonalds se verpakkings nie? En wat van gemartelde diere se foto's op die omslae van kosmetiese produkte? Wat van die foto's van die slagoffers van motorongelukke op drankbottels?

Hoekom is daar nie foto's van korrupte politici op ons belastingsvorme nie?

Ek wil sien wie van julle is dapper genoeg om hierdie boodskap deur te gee – al is julle nie rokers nie!

Nie die skerpste mes in die laai nie

'n Kongreslid van die Amerikaanse staat Illinois wou weet hoe dit moontlik is dat haar vlug van Detroit af om 08:30 opstyg en om 08:33 in Chicago land. Daar is aan haar verduidelik dat Chicago 'n uur voor Detroit is, maar sy kon nie verstaan hoe tydsone werk nie.

Einde laaste is aan haar gesê dis 'n baie vinnige vliegtuig, en sy was tevrede.

Stamboom

Help ons familiesoekers

Bester tmuntingh@gmail.com

Ek soek na die nasate van Adriaan Willem Petrus BESTER, b4c3d2e2f5g11. Geb.1.2.1887 in Newcastle en sterf 24.7.1917 in Carolina, sy vrou Amelia Beatrice geb.Hanger en sy kinders Paul Michael geb.1912, Olga Thelma geb.1914 en Christoffel Hermanus geb.1916.

De Kok whitepl@gmail.com

Het sover: Marinus De Kok (my Oupa)1918 tot 1971. Sy pa Marinus De Kok oorlede 1924

Sy pa Johan Leonardus Formyn De Kok oorlede 1931. Ek soek sy voorvader se name.

Van Staden nelliedk@kingsleyemail.co.za

Ek soek na my familie:Van Stadens wat in die omgewing van Warrenton, Vaalhartz, Jan Kempdorp,Boetsap ensomeer gebore is. Asseblief, enige moontlike aanduidings sal hoog op prys gestel word.My ouma aan vaderskant was 'n Hester Dorethea Marais wat in die vroeë 1800's gebore moes gewees het en my oupa was Hendrik Petrus van Staden.Hulle kinders was Jan?,Petronella Dorethea, Hendrik Petrus,Gert?, Cornelius?, Zacharias,Johanna

Zwiegelaar tmuntingh@gmail.com

Addisioneel: Ek is op soek na die voorsate van my ouma, Margaretha Isabella Christina Muntingh, gebore Zwiegelaar op 4.4.1877 in Oudtshoorn. Kan iemand help?

Kwinkslae op die gholfbaan

Jan het besluit om ná 'n laataand vroegoggend 'n potjie gholf te gaan speel.

"Hoe was dit?" vra een van die ouens in die klubhuis.

"Nie goed nie," sê Jan. "Die enigste twee goeie balle wat ek raakgeslaan het, was toe ek op die 7de afgestap en op 'n hark getrap het."

♦Gholfspeler: "Hou asb op om kort-kort op jou horlosie te kyk, dit sit my af."

Joggie: "Dis nie 'n horlosie nie, dis 'n kompas"

♦Gholfspeler: "Hoe hou jy van my spel?"

Joggie : "Baie goed meneer, maar persoonlik verkies ek gholf."

♦Gholfspeler: "Dink jy dis sonde om op Sondag te speel?"

Joggie: "Die manier wat meneer speel, is dit op enige dag 'n sonde."

By die doeane

'n Brit land op Sydney se lughawe en moet deur doeane beweeg vir die gewone vrae:

– Hoe lank gaan jy bly?

– 'n Week.

– Wat is die aard van jou besoek?

– Besigheid.

– Het jy 'n kriminele rekord?

– Nee. Ek het nie geweet dis nog 'n vereiste nie!

Dinge wat jy nooit van

'n man sal hoor nie

Laat die hemp my vet lyk?

Dink jy hy is mooier as ek?

Ek kry net gou my handsak.

Slaai en 'n dieetkoeldrank, asseblief.

Ek gaan gou my grimering opknip.

Ek het my pa se heupe gekry.

Ek gaan kledkamer toe. Kom jy saam?

Fred maak vinnig 'n plan

Fred het een Vrydagaand aan 't suipe gegaan en op sy vriend se vloer uitgepaas.

Toe hy wakker word, was hy erg geskok om te ontdek dat dit al Sondagmiddag is. Wat gaan hy vir sy vrou sê?

Maar Fred was 'n vinnige denker en hy bel sy vrou toe van 'n telefoonhokkie af.

Toe sy antwoord, sê hy uitasem:

"Liefie, moenie die losprys betaal nie. Ek het ontsnap," en sit die foon neer.

EK WAS 'N DRONKGAT

Elkeen wat nou en dan 'n drankie geniet saam met vriende, of partykeer met vreemdes dalk in 'n kroeg of by die rugby het sekerlik al hierdie fases ondervind of gesien hoe een van jou vriende deur hierdie fases gaan.

FASE EEN - OULIK

Hier word jy skielik 'n deskundige op elke onderwerp in die hele heelal. Jy weet dat jy alles weet en jy wil jou kennis oordra aan enigeen wat wil luister.

Op hierdie stadium is jy altyd reg. En natuurlik is die persoon met wie jy praat altyd verkeerd. Dit raak natuurlik 'n baie interessante gesprek as beide partye OULIK raak.

FASE TWEE - MOOI

Dit is wanneer jy besef dat jy die mooiste persoon in die hele kroeg of omgewing is, mense hou van jou. Jy kan na vreemdes gaan en net weet hulle gaan van jou hou en regtig daarvan hou om met jou te praat.

Onthou net dat jy nog steeds oulik is, en dus kan jy oor enige ding onder die son met hulle praat en redeneer. En sing. Jy sing soos 'n nagtegaal. Jy ken al die woorde van al die liedjies en jy is seker almal om jou hou van jou stem en die liedjies wat jy sing.

FASE DRIE - RYK

Dit is wanneer jy skielik die rykste persoon in die wereld word. Jy kan drankies vir die hele kroeg koop want agter die kroeg in die stegie staan jou gepanserde trok vol geld. Op hierdie stadium kan jy ook weddenskappe aangaan, natuurlik omdat jy steeds OULIK is.

En natuurlik sal jy al jou weddenskappe wen. Dit maak nie saak hoeveel jy verweid nie want jy is mos RYK. Jy sal ook drankies koop aan enigeen van wie jy hou en wat ook dink jy is MOOI, omdat jy nou die MOOISTE persoon in die wêreld is.

FASE VIER - KOEËLVAS

Jy is nou reg vir 'n geveg met enigeen veral diesulkes teen wie jy weddenskappe of argumente gehad het. Dit is omdat niks jou kan seermaak nie. Op hierdie stadium kan jy ook na die vriende van die mense van wie jy hou gaan en hulle uitdaag vir 'n bekgeveg en pittighede kwytraak en weddenskappe doen vir geld.

Jy is glad nie bang om hierdie geveg te verloor nie, want jy is OULIK en RYK en jįslaaik jy is in elk geval MOOIER as enigeen van hulle!

FASE VYF - ONSIGBAAR

Dit is die finale fase van dronkenskap. Op hierdie stadium kan jy enigiets doen want niemand kan jou sien nie. Jy dans op die tafel om die mense van wie jy hou te beïndruk. Die res van die mense in die saal kan jou nie sien nie. Jy is ook onsigbaar vir die persoon wat met jou wil veg.

Jy kan in die straat so hard sing as wat jy kan omdat niemand jou kan sien of hoor nie, omdat jy steeds OULIK is onthou jy al die woorde.

En dit is op hierdie stadium wat ek uit die kroeg gegooi word en in die rioolsloot van die sypaadjie reg langs 'n vark te lande kom. Daar lê ek half hulpeloos, te dronk om op te staan met my kop op die vark se pens.

Terwyl ek so lê kom daar 'n Engelse vrou en stop by my en sê:

"Yes it's true, you can know a pig by the friends it keeps".

En daar staan die vark op en loop weg.

**Daar en dan het ek besluit: Ek drink nie weer nie.
Nou drink ek glad nie meer nie. Oormôre sal dit al twee dae wees.**

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

**"In die plaaswinkel is daar net twee kleure hemde: kakie en blou. En hulle kyk jou vandag nog snaaks aan as jy 'n bloue koop."
Deur STEFAANS**

ONS was nou die aand besig om pyltjies te gooi in Smalhans se garage toe hy opmerk dat my nuwe garagedeure nou al vir hom mooi begin lyk. Dis nou nadat ek die geel deure so 'n baie ligte pers loop verf het, op Doortjie en Susanna se aandrang.

Wolfie stem nie saam nie, maar hy swyg met 'n snork. Smalhans sê hy lees mos net gister dat mans deesdae baie meer geld spandeer aan dinge soos deodorante en handerome en velsorgmiddels en lekkerruik sepies en Eau de Colognes.

Dit laat Wolfie stik in sy knerts.

Kyk, se Wolfie toe die hoebui bedaar, waar hy vandaan kom, het al die boere kakie gedra, en hulle doen dit nog. En in die plaaswinkel en die koöperasie is daar net twee kleure hemde: kakie en blou, en daar is vandag nog mense wat jou snaaks aankyk en agter jou rug vir mekaar knipoog as jy 'n blou hemp koop.

En wat al daai lekker-ruik goed betref, sê Wolfie: Al Eau de Watsenaam wat op die plaas aanvaarbaar is, is Eau de Skaapkraal. En wat room en seep betref, is daar Zambuk-salf of kamferroom en Lifebuoy. Dis nou as jy nie van Sunlight hou nie.

Dis g'n wonder die wêreld loop so hand in die sy agteruit nie. Is vanlat mans hulle met al hierdie vroumensgoeters ophou, sug Wolfie. Party van hulle stink die ene laventelbos soos wat hulle bespuit en besmeer. Jy ruik hulle 'n myl ver aankom, selfs al loop hulle wind-af.

OM die onderwerp te verander, vra ek toe of hulle gehoor het hulle het miesies Visser se karretjie nou die aand voor haar huis in die oprit gesteel, glo die vierde een van dieselfde fabrikaat in een week in ons woonbuurt.

Wolfie se toe ja, met dié dat die diewe al meer geleerd raak, werk die alarms en goed ook nie. En dis lankal nie arm en ongeletterde mense wat steel nie - dis die slim sindikate, en hulle kan almal lees.

Hy dink ons moet liever 'n briefie op die hek of op die voordeur plak, soos wat Dikdoers maak. Dikdoers sê hy skryf op die briefie 'n boodskap vir die slagter wat sy vleis aflewer en sê hy moet voortaan drie kilogram vleis vir Brutus los, want een kilo maak die hond net kwaad en baie geniepsig.

Of die briefie wat hy op die posbus plak:

"Liewe Posman,

Daar was bloedspatsels op al ons briewe. As jy weer pos aflewer, moet jy asseblief alle dele van jou liggaam ver weghou van alle openinge. En wanneer dink jy kom daai boek wat ek bestel het, die een wat vertel hoe mens vir 'n tier sorg en watse kos hy moet eet?"

Of:

"Liewe Posman,

Moenie die posbus se deksel hard klap nie - dit maak my vier rottweilers baie kwaad en dan byt hulle enigiets wat voorkom."

Of sommer net 'n kortetjie, wat jy kamstig vir jou vrou bedoel.

"Marietjie,

Moenie inkom nie. Die swart mamba het weer uit sy hok ontsnap."

Hy wat Wolfie is dink dis 'n goeie plan. Hy wil sommer ook so 'n kennisgewing op sy voordeur plak vir al die bedelaars. Een wat sê "klop aan die deur as jy vir my geld het, want ek het dae laas iets te ete gehad."

Of: "Klop gerus, ek het baie werk en ek betaal nie sleg nie."

Smalhans het Wolfie so staan en beluister. En sê nou maar, vra hy toe vir Wolfie, sê nou jy word een oggend wakker en daar is 'n briefie wat sê ons sien jy het twee TV-stelle, toe vat ons maar een vir ons?

En Wolfie, wat op die punt was om 'n heildronk in te stel op briefies, stik toe vir die tweede keer op dieselfde aand in sy knerts.

**Kammanuus verskyn weer
op 15 Februarie 2016.**